
**SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS**

**NO. R. 369** **23 April 2021**

**WYSIGING VAN PARAGRAAF 8 VAN BYLAE 1 BY DIE WET OP BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE, 1991 (WET NO. 89 VAN 1991), INGEVOLGE ARTIKEL 74(3)(*a*) OM ITEM 406.00 TE WYSIG AS GEVOLG VAN DIE VERVANGING VAN DIE OPMERKINGS BY KORTINGITEM 406.00 IN BYLAE NO. 4 VAN DIE DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964 (WET NO. 91 VAN 1964)**

Kragtens die bevoegdheid aan my verleen deur artikel 74(3)(*a*) van die Wet op Belasting opToegevoegde Waarde, 1991 (Wet No. 89 van 1991) (die Wet), bepaal ek, Tito Titus Mboweni, Minister van Finansies, hierby dat paragraaf 8 van Bylae 1 by die Wet gewysig word om aankope deur diplomate gemaak by gelisensieërde spesiale winkels te reguleer.



**TT Mboweni**
**Minister van Finansies**

## ALGEMENE VERDUIDELIKENDE OPMERKINGS

**[….] Woorde in vetdruk in vierkantige hakies dui aan weglatings van bestaande wetgewing**

**_____ Woorde onderstreep met 'n soliede lyn dui aan invoegings in bestaande wetgewing**

BYLAE

Bylae 1 by die Wet op Belasting opToegevoegde Waarde, 1991 (Wet No. 89 van 1991), word hierby gewysig, **met ingang vanaf 1 Julie 2021** –

(a) deur die wysiging van item 406.00 in paragraaf 8 van die volgende:

"406.00 OPMERKINGS:

1. **[Die voorsienings van hierdie item (uitgesonderd items 406.03 en 406.04) is voorwaardelik op wedersydse behandeling toegestaan deur die regering van die missie of persoon wat hierdie korting fasiliteite eis.]**

<u>1</u> Hierdie vrystelling (uitgesonderd items 406.03 en 406.04) word toegelaat indien die Direkteur-Generaal: Departement van Internasionale Betrekkinge en Samewerking of 'n beampte onder sy of haar beheer gesertifiseer het dat enige persoon wat hierdie vrystelling vereis by die Departement van Internasionale Betrekkinge en Samewerking gelys is volgens die register wat bygehou word deur die Direkteur-Generaal: Departement van Internasionale Betrekkinge en Samewerking in ooreenstemming met die voorsienings van die Wet op Diplomatieke Immuniteite en Voorregte, 2001.

<u>2</u> Vir die doeleindes van items 406.03 en 406.04, "'n organisasie of instelling" beteken 'n organisasie wat die Direkteur-Generaal: Departement van Internasionale Betrekkinge en Samewerking of 'n amptenaar onder sy of haar beheer gesertifiseer het as 'n organisasie of instelling met wie die Republiek 'n formele ooreenkoms aangegaan het wat, onder andere, voorsiening maak vir die toestaan van sodanige vrystelling.

<u>3</u> **<u>Hierdie vrystelling word nie toegelaat aan Suid Afrikaanse burgers of permanente inwoners van die Republiek nie tensy –</u>**

**(a) <u>hulle Suid-Afrikaanse burgers is wat ook burgers is van 'n gebied wat vroeër deel uitgemaak het van die Republiek; of</u>**

**(b) <u>die regering van die Republiek kragtens 'n ooreenkoms met 'n organisasie of instelling in</u>**

**Opmerking No. 2 oorweeg, onderneem het om ’n vrystelling toe te staan aan 'n Suid-Afrikaanse burger wat ’n verteenwoordiger, lid, agent, of beampte, maar uuitgesonderd ’n afgevaardigde, met of by sodanige organisasie of instelling.**

**4**. 'n Motorvoertuig vrygestel ingevolge items nos. 406.02, 406.03, 406.04, 406.05 of 406.07, mag nie binne 'n tydperk van 2 jaar na die datum van invoer aangebied, geadverteer, geleen, verhuur, verpag, verpand, weggegee, verruil, verkoop of andersins vervreem word nie:
Met dien verstande dat enigeen van die voormelde handelinge met hierdie voertuig binne 'n tydperk van 2 jaar na die datum van invoer die invoerder van die voertuig aanspreeklik maak vir betaling van belasting soos deur die Kommissaris bepaal in oorleg met die Direkteur-Generaal: Departement van Internasionale Betrekkinge en Samewerking

**5. Alkohol en tabak produkte vrygestel ingevolge items 406.02, 406.03, 406.04 of 406.05: Met dien verstande dat die invoerder van die alkohol en tabak produkte aanspreeklik gehou word om die belasting op die voorsiening van sodanige produkte aan die persone in items nos. 406.02, 406.03, 406.04 of 406.05 te betaal.**

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za